



Published on *Republikein.com.na* (<http://www.republikein.com.na>)

[Home](#) > Die Madame, diamante en die bordeel

Die Madame, diamante en die bordeel

Submitted by Republikein on Fri, 2011-12-02 02:00



Was hierdie ?Miss Colmans Koppa? dalk die droommeisie van ?n pasiënt in die hospitaal op Kolmanskop tydens die diamantstormloop? Hierdie skets teen ?n muur van die ou hospitaal op die spookdorp is deur Manni Goldbeck van Gondwana Collection ontdek.



Met sorteertafels soos hierdie is tonne gruis bewerk om die kosbare diamante uit te haal.



ZACHARIAS Lewala, spoorwegwerker, was op ?n Aprildag in 1908 graaf in die hande besig om die woestynsand oor die spore wat treinverkeer deur die Namib na Lüderitz onmoontlik maak, te verwyder. Hy het afgebuk om die volgende graaf vol sand so ver moontlik die woestyn in te slinger, toe ?n glinstering sy oë tref. In die geelbruin sand het ?n klip gelê wat nie slegs die geskiedenis nie, maar ook hierdie sluimerende suidwestelike hoek van Duits- Suidwes-Afrika onherroeplik sou verander. Hierdie toevallige vonds tussen die spoorweghaltes Grasplatz en Kolmannskuppe 24 kilometer buite Lüderitz, was die vonk wat soos ?n veldbrand deur die gebied sou versprei. Zacharias het die klip aan sy toesighouer gegee wat op sy beurt ?n boodskap aan sý toesighouer, August Stauch, gestuur het. Stauch se naam en die diamantstormloop sou binnekort sinoniem wees, maar op daardie betekenisvolle dag was die klip in Stauch se besit nog ?n frustrerende raaisel. Op Lüderitz het Stauch met die klip na Emil

Kreplin, die direkteur van die spoorweë, gegaan. Dié het 'n lokomotief gereël om hom, Stauch en ene Weidtmann die volgende dag na Aus te neem. Hulle wou hê dr. Peyer, die superintendent van die spoorweghospitaal daar, moes die klip toets. Hy het oor 'n goed toegeruste laboratorium beskik en kon dus vasstel of dit inderdaad 'n diamant was. Dr. Peyer was egter nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie en voor hy met sy toetse begin het, wou hy weet in watter mate hy sou baat indien die klip wel 'n diamant was. Hulle het hom vyf persent van die te stigte diamantmaatskappy aangebied, maar hy was nie tevrede voor die aanbod op skrif gestel en onderteken was nie. Eers toe het hy die klip in vloeispaatsuur gegooi, net om 'n tydjie later 'n glinsterende, skoon diamant te voorskyn te bring. 'Veels geluk here, dit is 'n diamant!' het hy die bom laat bars. Daardie steen was die eerste van meer as 1 000 kilogram, ongeveer vyf miljoen karaat, diamante wat voor die Eerste Wêreldoorlog daar ontgin was. Toe twyfel verdwyn dat 'n skat van diamante onder die sand begrawe lê, het prospektering in alle erns begin. Diamantgehuggies het in die woestyn ontstaan, prospekteerders het na die woestyn gestroom en die rykdom wat diamante gebring het, het Lüderitzbucht 'n algehele verandering laat ondergaan. Soos te wagte, was daardie vroeë tye op Lüderitz redelik chaoties, maar die polisie het dit onder beheer gebring terwyl hulle die lastige taak gehad het om vir onwettige diamanttransaksies en gesmokkelde stene op die uitkyk te wees. Hulle het skoene se hakke verwyder, koekies seep, worse en brode oopgesny, perde en muile se hoefysters afgehaal en kontrakwerkers elk 'n stewige dosis kasterolie ingejaag voor hulle toegelaat was om na hul gesinne terug te keer na hul kontrakte verstryk het. Kleurryke stories het hul ontstaan in daardie tydperk gehad en een van die pittigste is dié van 'n kwaai Duitse herdershond genaamd Moritz. Moritz het behoort aan madame Zimmer, die vrou wat die bordeel op Lüderitz besit het. Sy take het onder meer ingesluit om daardie kliënte wat nie wou betaal nie, daar weg te hou en om die diamante op te pas wat in die vals bodem van sy hok versteek was. Hoewel die polisie die bordeel van onwettige diamanttransaksies verdink het, het hulle nie kans gesien om Moritz se humeur en sy ontblote tande op die proef te stel nie. Dit is nie duidelik wat van Moritz geword het nie, maar toe die polisie se aandag vir haar te veel geword het, het madame Zimmer Lüderitz in 1912 verlaat en na Lourenço Marques verhuis waar sy 'n bordeel wou open. Sy het 'n nuwe, klein hondjie saamgeneem in 'n hok wat spesiaal vir die reis gemaak was. Hoewel sy en haar bagasie deeglik ondersoek was, het niemand op die klein hondjie en sy hok met die vals vloer ag geslaan nie. Die polisie het die Mosambiekse polisie egter oor madame Zimmer en haar geskiedenis ingelig. Dit was ook nie lank nie of madame Zimmer en die twee mans wat hul onwettige diamante vir veilige bewaring aan haar gegee het, is in Mosambiek aangekeer en per skip na Lüderitz gebring. Sy is vyf jaar tronkstraf opgelê, maar volgens verslae was sy vrygelaat toe die Uniemagte die dorp aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog ingeneem het. Na die oorlog het diamantproduksie hervat en meer suid beweeg soos ryker diamantvelde ontdek is. Die diamantgehuggies wat rondom Lüderitz verrys het, is aan die woestyn se genade oorgelaat. Die Namib bewaar nog baie stories van intrige wat mense in verwondering sal laat. Baie stories is egter verlore en onder 'n eeu se sand in die ou huisies toegewaaï.

Source URL: <http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/toerisme-en-omgewingsake/die-madame-diamante-en-die-bordeel.139019.php>